Dinsdag 7 Maart
Skrifgedeelte: Galasiërs 5:22-23; Handelinge 24:24-27
Fokusgedeelte: Galasiërs 5:22-23; Handelinge 24:25

Selfbeheersing is nodig om sonde te oorwin

Goewerneur Feliks was ’n ongure karakter. Nie alleen het hy Drusilla van haar vorige man afgerokkel nie, maar hierdie vrygelate slaaf wat goewerneur geword het, word in die geskiedenis om die verkeerde redes onthou, onder andere oor sy wreedheid, swak regering en moord.

Paulus moes op allerlei valse aanklagte voor Feliks verskyn. Paulus het die geleentheid gebruik om die evangelie aan hom te verkondig. Hy het met hom gepraat oor God wat eendag alle mense gaan oordeel en hoe ’n mens se saak met God reggemaak kan word. Hy het ook met hom gepraat oor hoe belangrik selfbeheersing is. Feliks het bang geword toe hy dit alles hoor, maar hy het sy lewe nie verander nie.

Selfbeheersing is nodig om as ’n verloste gelowige gehoorsaam aan God te leef. Om jouself te beheer, is om innerlike krag te gebruik om jou verkeerde begeertes en luste in toom te hou en nie daaraan toe te gee nie. Natuurlik is dit nie maklik nie. Geen mens kan sy sondige geaardheid uit homself oorwin nie. Ons mag ons swakheid nie aanvaar nie, want God eis van ons dat ons onsself sal beheer.

In sy genade werk sy Gees in ons sodat ons ook die vrug van selfbe-heersing sal dra. Moenie die werk van sy Gees onderdruk nie. Waar God se Gees vrug dra, word sonde oorwin en God se Naam verheerlik.

Sing: Skrifberyming 8-1:1, 2

Ds. EJ (Edmund) de Beer (Laeveld)